

**GOUDVELD-HOËRSKOO**

**GEDRAGSKODE OPVOEDERS**



AANVAAR: 18 September 2012

## **GOUDVELD-HOËRSKOOOL**

### **GEDRAGSKODE VIR OPVOEDERS**

#### **1. DEFINISIES**

***Tensy die konteks anders aandui, het uitdrukings in hierdie Kode die aangeduide betekenisse:***

- 1.1 "Opvoeder" is 'n persoon wat ander persone leer, opvoed of oplei of wat professionele terapie verskaf by enige skool, tegniese kollege of onderwyserskollege, of help om professionele diens te lewer of onderwysbestuursdienste of onderwys hulpdienste lewer wat deur of in onderwysdepartement verskaf word, (en wie se diens deur die Wet op Indiensneming van opvoeders, 1994 gereël word) en enige ander persoon wat by die Raad geregistreer is.
- 1.2 "Leerder" beteken 'n leerling of 'n student wat geleer of opgelei word deur 'n opvoeder soos hierbo gedefinieer.
- 1.3 "Ouer" beteken –
  - (a) die ouer of voog van die leerder;
  - (b) die persoon wat wetlik die plig van bewaring en versorging van die leerder het;
  - (c) die persoon wat onderneem om die verpligte van 'n persoon wat in (a) of (b) vermeld is ten opsigte van die leerder se skoolopvoeding na te kom.

#### **2. INLEIDING**

***Die opvoeders van Goudveld-Hoërskool wie se name by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is,***

- 2.1 erken die edele roeping van hulle professie om die leerders van ons land op te voed en op te lei;
- 2.2 erken dat die houding, toewyding, selfdissipline, ideale, opleiding en gedrag van die onderwysprofessie die gehalte van die onderwys in hierdie land bepaal;
- 2.3 erken, handhaaf en bevorder basies menseregte soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika;
- 2.4 verbind hulle dus daartoe om alles binne hulle vermoë te doen om in die uitvoering van hulle professionele ligte op te tree ooreenkomsdig die ideale van hulle beroep soos in hierdie Kode vervat en,
- 2.5 om op 'n korrekte en betaamlike wyse op te tree sodat die optrede nie die onderwysberoep benadeel nie.

### **3. OPVOEDER EN DIE LEERDER**

#### *'n Opvoeder*

- 3.1 respekteer die waardigheid, oortuigings en grondwetlike regte van leerders en in besonder kinders, insluitend die reg op privaatheid en vertroulikheid;
- 3.2 erken die uniekheid, individualiteit en die besondere behoeftes van elke leerder en moedig elke leerder aan om sy/haar potensiaal te verwesenlik;
- 3.3 strewe daarna om leerders te lei om 'n waardestelsel te ontwikkel wat ooreenstem met dit wat in die Handves van menseregte in die Grondwet van Suid-Afrika vervat is;
- 3.4 oefen gesag met deernis uit;
- 3.5 vermy enige vorm van verkleinering, en weerhou sigself van enige vorm van fisiese of sielkundige mishandeling van kinders;
- 3.6 bevorder geslagsgelykheid en weerhou sigself van enige voorman seksuele betrokkenheid by leerders of seksuele teistering (fisies of andersins) van leerders;
- 3.7 gebruik betaamlike taal in sy/haar interaksie met die leerders, en tree só op dat dit respek van die leerders afdwing;
- 3.8 tref redelike maatreëls om leerders se veiligheid te verseker;
- 3.9 gebruik nie sy/haar posisie vir finansiële, politieke of persoonlike gewin nie;
- 3.10 is nie nalatig of agterlosig in die uitvoer van sy/haar professionele pligte nie;
- 3.11 erken, waar toepaslik, leerders as vennote in die onderwys.

### **4. GEDRAG: DIE OPVOEDER EN DIE OUER**

#### *'n Opvoeder*

- 4.1 erken, waar toepaslik, die ouers as vennote in die opvoedingsproses en strewe daarna om in harmonie met hulle saam te werk;
- 4.2 doen alles moontlik om ouers voldoende en betyds in te lig aangaande die welsyn en vordering van die leerder.

### **5. GEDRAG: DIE OPVOEDER EN DIE GEMEENSKAP**

- 5.1 'n Opvoeder besef dat 'n opvoedkundige inrigting en gemeenskap dien en respekteer dus die verskillende gebrauke, kodes en sienswyses van die gemeenskap.

## **6. GEDRAG: DIE OPVOEDER EN SY OF HAAR KOLLEGAS**

### ***'n Opvoeder***

- 6.1 ondermyn nie die status van sy/haar kollegas nie;
- 6.2 bevorder geslagsgelykheid en weerhou sigself van seksuele teistering (fisies of andersins) van sy/haar kollegas;
- 6.3 erken die onderskeie verantwoordelikhede wat aan kollegas opgedra is en die gesag wat daaruit voortvloei om sodoende die soepele funksionering van die inrigting te verseker;
- 6.4 gebruik die korrekte kanale om gevalle van professionele onbevoegdheid of wangedrag te hanteer.

## **7. GEDRAG: DIE OPVOEDER EN DIE PROFESSIONELE**

### ***'n Opvoeder***

- 7.1 erken dat sy/haar professionele pligte binne 'n konteks van samewerking met en ondersteuning van kollegas uitgevoer word, en tree dus só op dat dit die waardigheid en status van die professie bevorder;
- 7.2 bly op die hoogte van opvoedkundige denke en ontwikkeling;
- 7.3 bevorder die voortdurende ontwikkeling van die onderwys as 'n beroep;
- 7.4 aanvaar dat hy/sy 'n professionele verpligting het met betrekking tot die opleiding en die professionele instelling van nuwe lede van die onderwysberoep.

## **8. GEDRAG: DIE OPVOEDER EN SY OF HAAR WERKGEWER**

### ***'n Opvoeder***

- 8.1 erken die werkgewer as 'n vennoot in die onderwys;
- 8.2 erken dat bepaalde verantwoordelikhede en magte kragtens wetgewing by die werkgewer berus en dien sy/haar werkgewer na die beste van sy/haar vermoë;
- 8.3 weerhou sigself daarvan om vertroulike en amptelike sake met ongemagtigde persone te bespreek.

## **9. GEDRAG: DIE OPVOEDER EN DIE RAAD**

### ***'n Opvoeder***

- 9.1 verleen na die beste van sy/haar vermoë samewerking aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders;
- 9.2 aanvaar die Dissiplinêre Magte en Prosedures van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders en lê hom/haar daarby neer.

## **10. GEDRAG: OPTREDE VOLGENS DIE ONDEWYSWET EN DIE PAM**

### **'n Opvoeder**

- 10.1 moet die vereistes soos in die S.A. skolewet omskryf, nakom se optrede, gedrag en uitvoering van pligte moet streng volgens die vereistes van die PAM wees.

## **11. SUID AFRIKAANSE RAAD VIR OPVOEDERS (SARO)**

***Die aandag van opvoeders wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is, word op die volgende gevestig:***

- 11.1 Artikel VII van die SARO-grondwet maak onder andere voorsiening dat die Raad  
*"die aard en omvang bepaal van dissiplinêre maatreëls wat die Raad kan instel teen enige werknemer of voormalige werknemer wat by die Raad geregistreer is en skuldig bevind is aan 'n oortreding van bogenoemde gedragskode, en sodanige maatreëls kan insluit, maar is nie daartoe beperk nie, 'n bevel dat die naam van die aangeklaagde geskrap word van die register .... Of 'n boete."*
- 11.2 Resolusie 4 van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys maak onder andere soos volg voorsiening:  
*".... geen persoon sal aangestel of in diens geneem word nie tensy die persoon bewys kan lewer van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders."*
- 11.3 'n Opvoeder wat skuldig bevind is aan 'n kriminele oortreding deur 'n gereghof of aan wangedrag deur 'n werkgewer, mag onderwerp word aan 'n dissiplinêre verhoor deur die Raad om vas te stel of die daad of die versium wat aanleiding gegee het tot die skuldigbevinding, 'n skending van die Gedragskode was.

**Bogenoemde beleid was voorgehou tydens 'n Bestuursliggaamvergadering gehou op**

**\_\_\_\_\_ en is algemeen aanvaar.**

---

**A. Nieuwoudt  
Voorsitter Beheerliggaam**

---

**S.W.P. Scott  
Skoolhoof**